



## **Drie-enige God**

### Onverklaarbare geheim

#### **ONS DOELWIT**

Die jongmense moet verstaan waarom ons glo dat God 'n drie-enige God is.

#### **SPEKIFIEKE DOELSTELLING**

##### **Kennis**

Die jongmense moet –

- weet wat dit beteken as ons sê God is Drie-enig;
- verstaan watter diep waarde daarin lê dat God Drie-enig is; en
- verstaan wat die praktiese implikasies daarvan is dat God Drie-enig is.

##### **Gesindheid**

Die jongmense moet –

- in die drie-enige God glo en Hom dien; en
- veilig voel omdat God Drie-enig is.

##### **Vaardigheid**

Die jongmense moet –

- kan vertel en gaan bewys wat dit vir hulle beteken dat húl God Drie-enig is.

#### **EK BREI MY EIE KENNIS UIT**

Teen die tyd dat 'n mens tot by jou belydenisjaar gevorder het, weet jy reeds lankal dat die kerk God as die drie-enige God bely. 'n Mens kan dit ook anders uitdruk deur te sê dat die kerk bely dat God Drie-enig is. Die kerk het tot hierdie belydenis gekom op grond daarvan dat, aan die een kant, die Nuwe Testament praat van *drie* Persone, naamlik die Vader, die Seun en die Gees, maar dat daar, aan die ander kant, in sowel die Ou as die Nuwe Testament klem gelê word op die feit dat daar net *een* God is (Deuteronomium 6: 4; 1 Korintiërs 8: 4-6; Efesiërs 4: 6).

Die leer van die Drie-eenheid kom dus eintlik in die Nuwe Testament duideliker na vore. In die Ou Testament word daar nie van Drie gepraat nie, maar net van die God van Israel en die Gees van God. Die God van Israel het ons in die Nuwe Testament leer ken as die Vader van Jesus Christus wat *deur* Jesus ook die Vader geword het van elkeen wat glo. In die Nuwe Testament word daar op 'n paar plekke ook van Christus as God gepraat (byvoorbeeld Johannes 1: 1; 20: 28; Hebreërs 1: 8), en word die benaming wat in die Ou Testament vir God gebruik word, naamlik *Here*, ook vir Jesus gebruik (byvoorbeeld 1 Korintiërs 8: 6; Filippense 2: 11). Dit het die kerk tot die oortuiging gebring dat Jesus Christus ook soos God die Vader Goddelike status het en as God bely moet word.

Wat die Gees betref, blyk dit dat waar daar in die Ou Testament van die *Gees van God* gepraat word, hierdie uitdrukking in die meeste gevalle na God self verwys en daarom eintlik net 'n ander manier was om van God te praat (1 Samuel 10: 10; 11: 6; Jesaja 42: 1;). Maar daar is ook gevalle in die Ou Testament waar dit lyk of die gebruik van die uitdrukking *Gees van God* of net die woord *Gees* dui op 'n "Gees-persoon" wat in 'n mate selfstandig naas God die Vader opgetree het (Esegjël 2: 2; 3: 24). In die Nuwe Testament is dit heel anders, want hier is die Gees van God, wat soms ook die Gees van Christus en meestal die Heilige Gees genoem word, 'n persoon wat selfstandig optree naas die Vader en die Seun, hoewel nie los van hulle nie. Die kerk het op grond hiervan en op grond van die feit dat die Heilige Gees so dikwels as't ware in een asem saam met die Vader en die Seun genoem word, geoordeel dat daar nie twyfel kan bestaan dat die Gees van dieselfde status as die Vader en die Seun is nie.

Soos hierbo aangedui, het die kerk op grond van wat in die Bybel onderskeidelik oor die Vader, die Seun en die Gees gesê word, tot die oortuiging gekom dat nie net die Vader oor Goddelike status en waardigheid beskik nie, maar ook die Seun en die Gees. Maar die kerk het voor die probleem te staan gekom dat nie bely kon word dat daar *drie Gode* is nie, aangesien, soos reeds gemeld, sowel die Ou as die Nuwe Testament soveel klem daarop lê dat daar net *een* God is. Die probleem was dus hoe die kerk, in gehoorsaamheid aan die Bybel, die belydenis dat daar net *een* God is kon handhaaf, maar ook nie durf nagelaat het om geloof in die *Drie*, naamlik Vader, Seun en Gees, te bely nie. Die antwoord wat die kerk toe bedink het, was om te sê dat, aangesien dit wel so is dat daar *Drie* is maar net een God, dit nie anders verklaar kan word nie as dat ons hier te make het met 'n *Drie-eenheid*, naamlik dat hoewel daar van *drie* Persone sprake is, daar net *een* God is. Hiermee bely die kerk dat die Vader God is, dat die Seun God is en dat die Gees God is, maar dat dit nogtans nie *drie Gode* is nie, maar net een God.

## **EK SPRING SELF AAN DIE WERK**

### **Ek het nodig**

- 'n Afskrif van die Apostoliese Geloofsbelydenis hiernaas waarin sekere woorde uitgelaat is – een vir elke leerder.

## Apostoliese Geloofsbelydenis

Ek glo in ....., die Almagtige, die .....  
..... en die aarde.

En in ....., sy eniggebore ....., ons Here;  
wat ontvang is van die ....., gebore is uit die .....;  
wat ....., gekruisig is, gesterf het en begrawe is en .....  
..... na die hel;

wat op die ..... weer opgestaan het uit die dood;

wat ..... die hemel, en sit aan die regterhand  
....., die almagtige Vader,

van waar Hy sal kom ....., dié wat nog lewe en dié wat  
.....

Ek glo in die .....

Ek glo aan 'n ..... kerk, die gemeenskap van  
.....;

die ..... van sondes;

die wederopstanding .....,

en 'n ..... Amen.

- Plaas boekmerke by die tekste hieronder by IETS OM IN DIE KLAS TE DOEN, sodat jy nie nodig het om rond te soek in klastyd nie.

## **IN DIE GROEPBYEENKOMS**

### **KOM ONS BEGIN**

Laat een van die jongmense open soos gereël.

### **WAT KAN HULLE VAN VERLEDE WEEK ONTHOU EN WAT HET HULLE GEDOEN?**

- Kontroleer of hulle by [www.nhka.org](http://www.nhka.org) meer inligting gevind het.
- Gesels oor die daade wat kinders van die Here op grond van hul geloof behoort te doen. Vind uit of hulle daaraan kon voldoen. Indien nie, dink hulle hulle is vir ewig verlore?
- Indien nie, moet hulle besef hoe groot hul sonde en ellende is (Heidelbergse Kategismus, vraag en antwoord 2), en die Here Jesus dank dat Hy hulle verlos en vergewe het.
- Druk hulle dit weer op die hart dat dit 'n vaste gewoonte moet word om gereeld hul lewenswyse te toets.
- Laat 'n paar van hulle lees wat hulle geskryf het oor –
  - hoe hulle voel na die vorige ontmoetingsgeleentheid; en
  - wat hulle gaan doen om die essensie van hul geloof uit te leef en met ander te deel.
- Laat 'n paar van hulle die name van die belydenisse en belydenisskrifte opnoem.
- Deel die papiere uit en laat hulle die ontbrekende woorde in die Apostoliese Geloofsbelofte invul.
- Laat hulle die papiere uitruil en dit merk.
- Gee elkeen s'n terug en laat dié wat dit nie geken het nie, die Belydenis weer vir volgende week leer.

### **VANDAG GAAN ONS DIE VOLGENDE ONS EIE MAAK**

#### **BEGIN SO**

- Laat hulle die volgende in hul boeke reg of verkeerd merk:
  - Glo jy dat God ewig en almagtig is?
  - Glo jy dat God alomteenwoordig is?
  - Glo jy dat Jesus die Seun van God is?
  - Glo jy dat Jesus uit die dood opgestaan het?
  - Glo jy dat die Heilige Gees op Pinksterdag uitgestort is?
  - Glo jy dat die Heilige Gees hier teenwoordig is?
- Vra of hulle kan bewys dat bogenoemde waar is.

Hulle behoort op al hierdie vrae *ja* te antwoord. Wat die bewys aanbetref, behoort hulle by die punt uit te kom dat dit onmoontlik is om bogenoemde te bewys. Vra hulle nou dié vraag: *Glo jy in die drie-enige God?* Vra of 'n mens dit kan bewys. Voer 'n kort gesprek om aan te toon dat ons dit glo omdat die Here dit vir ons in sy Woord sê en nie omdat ons dit kan bewys nie. God is juis God omdat Hy bokant ons verstand en bokant ons begrip is. Anders is Hy maar soos al die ander goed wat ons ken in die wêreld – goed wat breek en oud word en tot niet gaan.

## **WAAROP VAL DIE KLEM VANDAG?**

Lees EK BREI MY EIE KENNIS UIT hierbo vooraf deeglik deur en gebruik die volgende opsomming om die kinders met die inhoud vertrouwd te maak. Dit kan net so voorgelees word.

Ons het van kleins af in die kerk geleer dat God die drie-enige God is. Die kerk het dit nie self uitgedink nie, maar het dit in die Bybel gelees. Beteken dit dat daar dan drie Gode is as ons die woordjie *Drie* gebruik? Nee, want daarom sê ons *Drie-enig*. Wat hoor jy hier? *Drie* en *Een*.

Kom ons kyk na die **drie**: In die Bybel word drie *Persone* aldrie op die een of ander plek *God* of *Here* genoem.

### **Oor die Vader**

Daar bestaan geen twyfel nie dat *die Vader* in die Bybel *God* genoem word. Om maar net een voorbeeld te noem: As Jesus ons in Matteus 6: 8-13 leer bid, dan noem Hy *God Vader*: *...julle Vader weet wat julle nodig het... en Ons Vader wat in die hemel is...*

### **Oor Jesus**

In Johannes 1: 1-16 staan dat *die Woord* aan die begin by God was en *self ook God* was. Wat word bedoel as daar staan die *Woord was God*? Kan 'n woord God wees? Nee, daar staan verder die *Woord het mens* geword en by ons kom woon. En die *Woord was die enigste Seun van God*. Julle sien, *Woord* word hier in die Bybel figuurlik gebruik. Met *Woord* word bedoel die *enigste Seun van God*. Wie is die Seun van God? Natuurlik Jesus. Jesus is dus ook God. So sê Tomas ook in Johannes 20: 28 vir Jesus *My Here en my God!* en in Hebreërs 1: 8 staan: *Maar van die Seun sê Hy: "U troon, o God, staan vir ewig vas..."*.

### **Oor die Heilige Gees**

Op sekere plekke in die Ou Testament word die uitdrukking *Gees van God* of net die woord *Gees* gebruik om na 'n "Persoon" te verwys wat selfstandig naas God die Vader opgetree het. In Esegïël 2: 1 en 2 lees ons dat God (die Vader) met Esegïël gepraat het en gesê het: *"Mens, ...Ek wil met jou praat."* Terwyl Hy met my praat, kom die Gees in my en laat my regop staan. Jy sien, die Gees is dus 'n ander "Persoon" as die Een wat met Esegïël gepraat het.

In die Nuwe Testament sien ons in Handeling 5: 3-4 dat die Heilige Gees ook God genoem word. Toe Ananias vir Petrus lieg oor die verkoop van sy grond, vra Petrus eers vir hom hoekom hy hom deur die Satan laat omhaal het om vir die Heilige Gees te lieg. Dan sê Petrus net daarna vir hom: *Jy het nie vir mense gelieg nie maar vir God*. Die Heilige Gees word hier dus ook God genoem.

---

**DUS:** *Die Vader is God,  
die Seun is God,  
en die Heilige Gees is God.*

---

Kom ons kyk na die **Een**: In die Bybel word gesê dat daar net één God is. Hierbo sien ons dat drie Persone, die Vader, die Seun (Jesus) en die Heilige Gees, God of Here genoem word. Hoe werk dit?

Die Bybel spel dit baie duidelik uit dat daar net één God is. As die Here in Eksodus 20: 3 en Deuteronomium 5: 7 sê dat ons naas Hom geen ander gode mag hê nie, beteken dit dat ons net één God mag hê. In Deuteronomium 6: 4 staan: *Luister, Israel, die Here is ons God, Hy is die enigste Here.* Dan beteken dit mos dat ons aan net één God mag glo. Dieselfde geld van 1 Korintiërs 8: 4b: *...ons weet dat daar geen afgod in die hele wêreld is wat iets beteken nie, en dat daar ook geen God is nie, behalwe Een.* In Efesiërs 4: 5 en 6 lees ons: *Daar is net één Here, één geloof, één doop, één God en Vader van almal.* Dit is dus baie duidelik dat die Bybel sê daar is net één God.

Hoe maak ons nou met hierdie skynbare tweespraak in die Bybel? Die Vader is God, die Seun is God, en die Heilige Gees is God, maar aan die ander kant sê die Bybel daar is net één God.

Die enigste uitweg wat gelowiges gesien het, was om 'n woord te kry wat uitdrukking kon gee aan wie God nou eintlik is, en die woord is *drie-enig*. Gelowiges het nog altyd gesê dit is hoe die Bybel God beskryf, en omdat die Bybel só sê, daarom glo ons dit is so.

Daar is sekere mense wat dit as onsinnig afmaak en vra hoe drie een kan wees. Een plus een plus een is tog drie. In dieselfde asem kan 'n mens vra: Hoekom maak julle van God 'n optelsom en nie 'n maalsom nie? Een maal een maal een bly mos een. Daar is nie drie Gode nie, maar net één God, één Wese wat Hom **drie maal** herhaal in drie Persone.

Hoe dit ook al is, as ons God met ons verstand en insigte wil beskryf, loop ons ons altyd vas, want God is bokant ons begrip en bokant ons verstand. Hy is juis anders as wetenskap, anders as alles wat ons hier in die wêreld kan beskryf of tel of meet of weeg of pas; Hy is *gans anders*. Daarom is Hy God. Hy is wat Hy is, en Hy is soos die Bybel Hom *menslik onverklaarbaar* aan ons openbaar.

## **ONS BESPREEK EN SKERP IN WAT ONS VANDAG GELEER HET**

Gebruik die volgende en skerp die feite weer in.

- Die Bybel spel dit baie duidelik uit in Eksodus 20: 3, Deuteronomium 5: 7 en 6: 4, 1 Korintiërs 8: 4b en Efesiërs 4: 5 en 6 dat daar net **één God** is.
- Maar ons leer ook uit Matteus 6: 8-13, Johannes 1: 1-16, Johannes 20: 28, Hebreërs 1: 8, Esegjël 2: 1 en 2 en Handeling 5: 3-4 **die Vader is God, die Seun is God en die Heilige Gees is God.**

- Dit beteken **nie** dat daar drie Gode is nie – dit is net die één God, die één Wese, wat Hom **drie maal herhaal** in die Vader, die Seun en die Heilige Gees.
- Om uitdrukking te gee aan wie God nou eintlik is, het die kerk die woord **drie-enig** gekies. Hierdie woord staan nie in die Bybel nie, maar dit is 'n manier waaop die kerk probeer sê wie God is.

### IETS OM IN DIE KLAS TE DOEN

Laat hulle hul Bybels oopmaak by die volgende teksverse, en nadat jy dit gelees het, die vraag beantwoord.

#### **Psalm 8: 2, 3a en 5**

*Here, ons Here, hoe wonderbaar is u Naam oor die hele aarde, hoe glansryk alles wat U in die hemelruim geplaas het! Kinders en suigeling beseig die magtige werk wat U tot stand gebring het. ...wat is die mens dan dat U aan hom dink, die mensekind dat U na kom omsien?*

Watter werk het die *Here, ons Here* **gedoen**?

Hy het alles in die hemelruim geplaas – dit is wat Hy **tot stand gebring** het. Hy sien om na ons, met ander woorde, Hy **sorg** vir ons.

#### **Psalm 55: 23a**

*Laat jou sorg aan die Here oor, Hy sal vir jou sorg.*

Wat sal die Here vir jou **doen**?

Hy sal vir jou **sorg**.

#### **Matteus 6: 25-30**

*Daarom sê Ek vir julle: Moet julle nie bekommer oor julle lewe, oor wat julle moet eet of drink nie, of oor julle liggaam, oor wat julle moet aantrek nie. Is die lewe nie belangriker as kos en die liggaam as klere nie? Kyk na die wilde voëls: hulle saai nie en hulle oes nie en hulle maak nie in skure bymekaar nie; julle hemelse Vader sorg vir hulle. Is julle nie baie meer werd as hulle nie? Trouens, wie van julle kan deur hom te bekommer sy lewe met een enkele uur verleng? En wat bekommer julle julle oor klere? Let op hoe groei die veldlelies: hulle swoeg nie en hulle maak nie klere nie. Maar Ek sê vir julle: Selfs Salomo in al sy prag was nie geklee soos een van hulle nie. As God dan die gras van die veld, wat vandag nog daar is en môre verbrand word, so versier, hoeveel te meer sal Hy dan nie vir julle sorg nie, julle kleingelowiges?*

Wat **doen** ons hemelse Vader vir die natuur en vir ons?

Hy **sorg** vir alles in die natuur en ook vir ons.

#### **Handelinge 4: 24**

*Toe hulle dit hoor, het hulle almal saam tot God gebid en gesê: “Here, dit is U wat die hemel in die aarde en die see en alles wat daar is, gemaak het...”*

Wat het die Here **gemaak**?

Hy het die hemel en die aarde en die see en alles wat daar is, **gemaak**.

**Romeine 8: 28**

*Ons weet dat God alles ten goede laat meewerk vir dié wat Hom liefhet, dié wat volgens sy besluit geroep is.*

Wat **doen** God volgens hierdie teks?

Hy laat **alles ten goede meewerk**.

**Matteus 1: 21**

*Sy sal 'n Seun in die wêreld bring, en jy moet Hom Jesus noem, want dit is Hy wat sy volk van hulle sondes sal verlos.*

Wat **doen** Jesus Christus vir ons?

Hy **verlos** ons van ons sondes.

**Johannes 3: 17**

*God het nie sy Seun na die wêreld toe gestuur om die wêreld te veroordeel nie, maar sodat die wêreld deur Hom gered kan word.*

Wat het die Seun vir die wêreld kom **doen**?

Hy het die wêreld kom **red**.

**Handelinge 4: 12**

*Hy bring die verlossing en niemand anders nie. Daar is geen ander naam op die aarde aan die mense gegee waardeur God wil dat ons verlos moet word nie.*

Wat kom **doen** Jesus vir ons?

Hy **verlos** ons.

**Johannes 14: 16-17**

*Ek sal die Vader vra, en Hy sal vir julle 'n ander Voorspraak stuur om vir ewig by julle te wees, naamlik die Gees van die waarheid. Die wêreld kan Hom nie ontvang nie, omdat hulle Hom nie sien en Hom nie ken nie. Maar julle ken Hom, omdat Hy by julle bly en in julle sal wees.*

Wat **doen** die Heilige Gees?

Hy **bly** vir ewig by ons en in ons.

**Johannes 15: 26**

*Wanneer die Voorspraak kom wat Ek vir julle van die Vader af sal stuur, die Gees van die waarheid, wat van die Vader uitgaan, sal Hy oor My getuig.*



Wat kom **doen** die Heilige Gees by ons?

Hy kom **getuig** oor die Vader.

### **Handelinge 1: 8**

*Maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judea en in Samaria en tot in die uithoeke van die wêreld.*

Wat sal die Heilige Gees deur die apostels **doen**?

Hulle sal **Jesus se getuies wees**, met ander woorde, vir ander mense van Jesus vertel.

### **SOM VIR HULLE OP WAT DIE DRIE-ENIGE GOD VIR ONS DOEN**

**God die Vader het alles gemaak, Hy sorg vir ons en vir alles  
en Hy laat alles ten goede meewerk.**

**God die Seun, Jesus, het ons kom verlos en red  
van die sonde en die dood.**

**God die Heilige Gees kom bly by ons  
en getuig oor die Vader en oor Jesus.**

### **HIERDIE WEEK IN HUL WÊRELD**

#### **RADIKALE DISSIPELSKAP**

Laat hulle tuis die volgende vrae en antwoorde in hul boeke gaan leer en dit met iemand deel. Wys hulle daarop dat om ander van die Here te vertel, die manier is waarop God in hulle werk.

---

*Die Heilige Gees laat hulle getuig  
oor die Vader en die Seun en Homself.*

---

Watter praktiese implikasies het dit vir jou dat God jou Vader is, dat Jesus Christus jou Verlosser is, en dat die Heilige Gees in jou woon en werk?

- God is my Vader en ek hoef nie meer bang en onseker te wees nie. Ek kan glo dat Hy onder alle omstandighede vir my sal sorg.
- Jesus is my enigste Verlosser uit sonde en dood, en ek moet my verlossing van Hom alleen verwag.
- Die Heilige Gees woon in my, en ek moet my deur Hom in alles laat lei. Hy doen dit veral met God se Woord, die Bybel.

Laat hulle gaan neerskryf –

- hoe hulle voel na hierdie ontmoetingsgeleentheid.  
(Voel dankbaar en getroos dat –
  - God die Vader alles gemaak of geskape het, vir hulle sorg en alles ten goede laat meewerk.
  - God die Seun, Jesus, hulle verlos en red van die sonde en die dood.
  - God die Heilige Gees by hulle kom bly en getuig oor die Vader en oor Jesus.
  - Ensovoorts.
- wat hulle gaan doen om die kern van hul geloof uit te leef en met ander te deel.  
(Vir iemand wat God nie ken nie, gaan vertel dat God die Vader vir hulle sorg, dat Jesus hulle van hul sonde verlos het, en dat die Heilige Gees hulle elke dag lei en troos; vir iemand wat nie kos of klere of kombes of medisyne het nie, dit te gaan gee; iemand te gaan vergewe, wat hulle nog nie vergewe het nie; en mense wat hartseer of bang of bekommerd is, te gaan verseker dat die Heilige Gees hulle ook wil vertrou en bemoedig – dit doen dissipels van die Here omdat hulle dankbaar is dat die Vader vir hulle sorg, dat Jesus hulle verlos, en dat die Heilige Gees hulle troos.)

### **HULLE KRY HULSELF PARAAT**

- Laat hulle weer na die tekste by IETS OM IN DIE KLAS TE DOEN hierbo gaan kyk en opsom wat die Vader, die Seun en die Heilige Gees vir hulle doen en watter verskil dit in hul lewens maak.
- Laat hulle dit gaan leer.
- Laat hulle by [www.nhka.org](http://www.nhka.org) gaan kyk vir meer inligting oor hierdie tema.

### **BELANGRIK**

- Die jongmense moet seker maak dat hulle met elke aanbidding hul Bybels saambring.
- Kyk vandag reeds wat jy vir die volgende aanbidding nodig het en wat jy moet voorberei.

### **AFSLUITING**

Laat die persoon met wie jy gereël het, afsluit.